Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# EKONOMIE V2
# MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 B geleentheidskoste. √√
1.1.2 A hoër pryse tot hoër winste lei. √√
1.1.3 C konstante opbrengs tot skaal. √√
1.1.4 B volmaakte en monopolistiese √√
1.1.5 A ekosisteem. √√
1.1.6 C beter na die omgewing omsien. √√
1.1.7 A Dit verskaf finansiële hulp aan ontwikkelende lande. √√
1.1.8 C Me. Edna Molewa. √√ (8 x 2) (16)

1.2 **PAS-ITEMS**

1.2.1 D Gemik op verbetering van ekonomiese groei, ontwikkeling en vermindering van werkloosheid √
1.2.2 E Ontwikkelde lande in die Noorde het onderontwikkelde lande in die Suide gekoloniseer √
1.2.3 F Die hoeveelheid gevra deur die huishoudings is gelyk aan die hoeveelheid aangebied deur besighede √
1.2.4 A Investering in 'n ander land in die vorm van geboue en kapitaaltoerusting √
1.2.5 B 'n Formele ooreenkoms tussen lande √
1.2.6 H Vergelyking tussen pryse van goedere √
1.2.7 I Aangevra in kleiner hoeveelhede wanneer inkome styg √
1.2.8 C Goedere en dienste word verhandel √ (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Eenheid elasties √
1.3.2 Absolute voordeel √
1.3.3 Marginale nut √
1.3.4 Klimaatsverandering √
1.3.5 Totale koste √
1.3.6 Ontbossing √ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van monopolistiese markte.**

- Restaurante √
- Haarkappers √
- Petrol stasies √
- Aanvaar enige toepaslike voorbeeld. (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Verduidelik wat bedoel word met oorskot vraag.**

- Is 'n situasie waar die markvraag vir 'n produk groter is as die mark aanbod, daarom veroorsaak dit dat die markprys styg. √√ (2)

2.2 2.2.1 **Wat is 'n *monopolie*?**

- Monopolie is 'n enkele verkoper in die mark, dit is 'n industrie op sy eie. √√ (2)

2.2.2 **Sal jy die taxi-industrie in Suid-Afrika as 'n monopolie beskryf? Verduidelik.**

- Nee. √√
- In die taxi-industrie is daar baie passasiers (kopers) en baie taxi eienaars (verkopers). √√ (4)

2.2.3 **Noem enige TWEE voordele van mededinging soos uitgelig in die uittreksel.**

- Daar is 'n keuse √
- Vergelyking van pryse √ (2)

2.2.4 **Identifiseer TWEE van die Suid-Afrikaanse Lugdiens se mededingers.**

- Kulula √
- 1time √ (2)

2.3 2.3.1 Gee die waardes van A en C.

- A = 20 √
- C = 5 √ (2)

2.3.2 **Beskryf die verhouding tussen gemiddelde totale koste en skaalvoordele.**

- Skaalvoordele kom voor wanneer die koste per eenheid (gemiddelde totale koste) daal terwyl die hoeveelheid geproduseer styg. √√
- A.g.v. skaalvoordele, hel die langtermyn gemiddelde totale-kostekurwe afwaarts van links na regs. √√
- (Aanvaar enige toepaslike verhouding.) (2 x 2) (4)

2.3.3 **Noem enige TWEE voorbeelde van konstante koste.**

- Huur √
- Versekeringpremies √
- Terugbetalings van lenings √
- (Aanvaar enige toepaslike voorbeeld) (Enige 2 x 1) (2)

2.3.4 **Waarom verander veranderlike koste met uitset?**

- Veranderlike koste verander met uitset omdat wanneer uitset verhoog, word meer van spesifieke insetfaktore gebruik, byvoorbeeld elektrisiteit, arbeid. √√
- As minder geproduseer is, is minder insette gebruik. √√

(Enige 1 x 2) (2)

2.4 **Onderskei tussen kostes oor die korttermyn en kostes oor die langtermyn.**

Korttermyn


- ’n Periode wat so kort is dat ander produksiefaktore onveranderd sal bly en nie kan verander nie. √√
- Oor die korttermyn sal totale koste gelyk wees aan totale konstante koste plus totale veranderlike koste. √√ (2 x 2) (4)

Langtermyn

- ’n Periode wat lank genoeg is sodat alle produksiefaktore en intermediêre insette, veranderlik kan raak √√
- Alle produksiefaktore en intermediêre insette kan as uitsetveranderinge verander word √√
- Oor die langtermyn is daar nie vaste produksiefaktore of ander vaste intermediêre insette nie √√
- Daarom is totale koste gelyk aan totale veranderlike koste oor die langtermyn. √√ (Enige 2 x 2) (4)

2.5 **Met behulp van 'n grafiek, verduidelik die verhouding tussen gemiddelde en marginale inkomste wanneer die prys dieselfde by alle vlakke van uitset is.**

- **Marginale inkomste (MI)** verwys na die addisionele inkome wat die besigheid kan verdien, met die verkoop van 'n addisionele eenheid. √
- MI kan as volg bereken word: MI = $\frac{\text{Verandering in totale inkome}}{\text{Verandering in eenhede verkoop}}$ √
- In besighede waar die prys konstant is, sal 'n addisionele eenheid wat verkoop word, die totale inkomste met dieselfde bedrag toeneem as wat die prys is. √√
- **Gemiddelde inkomste (GI)** is die inkomste per eenheid. GI word soos volg bereken: $\frac{\text{Totale inkomste}}{\text{Aantal eenhede}}$ √
- Omdat die prys konstant is, sal die inkomste ontvang vir elke eenheid gelyk wees aan die prys. √√
- Daarom is MI en GI gelyk aan die prys. P=MI=GI. √√
- Die vraagkurwe is dieselfde as die GI en MI kurwes. √√




(8)
**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE positiewe gevolge van globalisasie.**
- Ekonomiese groei √
- Werkgeleenthede √
- Buitelandse direkte investering √
- Betalingsbalans √
- Armoede verligting √
- Verhoogde mededinging √
- Verspreiding van kultuur √
- Verspreiding van onderwys √
- Verhoogde vloei van data √
- Vrye beweging van mense √
- (Aanvaar enige ander positiewe gevolg) (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Verduidelik kortliks hoe armoede lei tot omgewingsdegradering.**
- Wanneer mense min het om daagliks van te oorleef, maak dit hulle minder sensitief om die natuurlike omgewingshulpbronne in stand te hou. √√
- Arm huishoudings is dikwels afhanklik van hout as bron van energie en dit lei tot ontbossing √√
- Individue oorleef deur geërodeerde heuwels te bewerk √√
- Skoongemaakte beboste gebied maak plek vir behuising en landerye en grond word gebruik sonder om dit weer van voedingstowwe te voorsien. √√
- (Aanvaar enige toepaslike verduideliking) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 **Verduidelik die begrip *vryhandel*.**
- Vryhandel beteken dat daar vrye beweging van goedere en dienste tussen lande is √√
- Handelsbeperkings (invoerkwotas, invoerbelasting, ens.) tussen lande word verwyder. √√ (Enige 1 x 2) (2)

3.2.2 **Noem TWEE negatiewe invloede van vryhandel, volgens die spotprent.**
- Werkers verloor hulle werk √√
- Daar is groot afbetalings van werkers √√
- Swak lone (slaaf lone) word betaal. √√ (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 **Omskryf kortliks die rol van die WHO.**
- Fasiliteer internasionale handelsooreenkomste √√
- Verseker dat internasionale handelsooreenkomste eerbiedig word. √√
- Tree as bemiddelaar in handelsdispute op. √√ (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 **Wat beteken *bewaring van water*?**
Wyse gebruik van water sodat toekomstige geslagte oor voldoende reserwebronne sal beskik. √√
(Aanvaar enige toepaslike verduideliking.) (2)

3.3.2 **Wat, volgens die uittreksel, is die rede vir die bewaring van water?**

- Daar is beperkte aanbod van water. √√
- Die enigste water wat beskikbaar is, is ondergrondse water. √√

(Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 **Verduidelik kortliks enige maatreëls wat toegepas kan word om water te bewaar.**

- Verminder die besoedeling deur die water, grond en lug skoon te hou van besoedelaars √√
- Mense moet net die hoeveelheid water gebruik wat hulle benodig √√
- Nywerhede kan water wat hulle tydens vervaardiging gebruik, herwin of hulle afvalwater vooraf behandel, sodat dit makliker vir drinkwater en ander doeleindes gesuiwer kan word √√
- Gemeenskappe kan inwoners opvoed oor plaaslike waterbronne en saamwerk om grondgebruikstrategieë te implementeer wat waterverskaffing in die toekoms kan beskerm en volhoubaar maak √√
- Ontwikkel planne wat watertekorte kan hanteer sonder om te wag vir 'n waternood en wat inwoners kan help om behoorlik ontslae te raak van skadelike produkte deur spesiale dae vir die afhaal van hierdie gevaarlike goedere te reël. √√
- Integreer omgewingsake in die skoolkurrikulum. √√
- (Aanvaar enige toepaslike maatreël) (Enige 2 x 2) (4)

3.3.4 **Watter regeringsdepartement het die verantwoordelikheid om te verseker dat water bewaar word?**
Departement van Waterwese (DWA) √√ (2)

3.4 **Verduidelik die *armoede gaping* as 'n maatstaf van armoede.**

- Dit is die gemiddelde tekort van die totale bevolking in terme van die armoedelyn √√
- Diegene wat nie arm is nie, het geen tekortkoming nie √√
  Dit meet die totale bedrag wat benodig word om elkeen wat onder die armoedelyn lê, op te trek tot op die lyn. √√
- Dit staan ook as die internasionale veiligheidsnet bekend. √√
- Dit meet die diepte van armoede asook waar dit voorkom. √√
- Die armoedegaping word elke jaar vir alle lande bereken en op die armoedekoppetellingsverhouding en die gemiddelde inkomstevlak gebaseer. √√
- Die armoedekoppetelling is die aantal persone wat in 'n land of streek in armoede lewe. √√ (Enige 4 x 2) (8)

3.5 **Verduidelik waarom die teorie van vergelykende voordeel as ’n argument ten gunste van vrye internasionale handel gebruik word.**

- Vergelykende voordeel vind plaas as ’n land spesialiseer in die produksie van die produkte wat hulle meer doeltreffend kan vervaardig (met laer geleentheidskoste) in vergelyking met ander lande. √√
- Lande sal meer bevoordeel word deur goedere te produseer en uit te voer wat hulle meer doeltreffend kan produseer, teen ’n laer koste en deur minder kapitaal te gebruik, as ander goedere en dienste. √√
- As ’n land verkies om te handel in die goedere waarin dit die beste vergelykende voordeel het, kan dit voordeel uit internasionale handel trek. √√
- Selfs as ’n land nie absolute voordeel het in die produksie van beide goedere het nie, sal dit nogtans voordelig wees om slegs die goed te produseer waarin dit die vergelykende voordeel het (waar die minste hulpbronne gebruik word.) √√
- Lande wen uit handel omdat produksie doeltreffend is in beide lande en daar geen vermorsing van beperkte bronne plaasvind nie. √√

**Verduideliking met behulp van ’n voorbeeld**

| Eenheiduitset van elke een eenheidhulpbron (inset) | | |
|---|---|---|
| √ | Tekstiel √ | Staal √ |
| Land A | 320 | 40 |
| Land B | 80 | 20 |
| Totale | 400 | 60 |

- Land A kan vêr meer eenhede tekstiel as staal produseer deur een eenheid inset te gebruik. √√
- Vir Land A is die geleentheidskoste vir 1 eenheid staal gelyk aan 8 eenhede tekstiel. √√
- Daarom sal dit beter wees vir Land A om sy hulpbronne te gebruik om tekstiel te produseer en daarvan te verhandel vir staal uit Land B. √√
- Land B produseer 4 minder eenhede tekstiel om 1 meer eenheid staal te produseer. √√
- Hieruit kan gesien word dat Land B se geleentheidskoste om eerder staal as tekstiel te produseer laer is as Land A s’n (alhoewel Land A meer van beide produkte kan produseer). √√
- As beide lande spesialiseer tot ’n mate (Land A in die produksie van tekstiel en Land B in die produksie van staal) en dan met mekaar handeldryf, kan beide voordeel trek uit die meer doeltreffende uitset. √√

(Enige 4 x 2) (8)

**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE soorte wins.**

- Rekeningkundige wins √
- Ekonomiese wins √
- Normale wins √ (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Verduidelik EEN impak van ontbossing.**

- Lei tot verhoogde gronderosie. √√
- Bedreig die dreinering van water in riviere en mere. √√

(Enige 1 x 2) (2)

4.2 4.2.1 **Identifiseer en verduidelik die soort elastisiteit wat hierbo geïllustreer word.**

- Volmaak onelastiese vraag. √
- By enige prysvlak sal die hoeveelheid gevra dieselfde bly. √√

(Aanvaar enige toepaslike verduideliking) Enige (1 + 2) (3)

4.2.2 **Watter soort goedere sal onder hierdie soort elastisiteit val? Gee ʼn rede vir jou antwoord.**

Geen goedere. √
Niemand kan bekostig om ʼn oneindige prys vir goedere te betaal nie. √√

**OF**

Goedere wat baie min substitute het. Bv. Leesbrille. √
Die koper kan nie daarsonder lewe nie en koop dit al is die prys baie hoog. √√
(Aanvaar enige toepaslike verduideliking) Enige (1 + 2) (3)

4.2.3 **Watter voordeel hou hierdie soort elastisiteit vir die verkoper in?**

- Aangesien vraag geheel en al nie reageer op prysveranderings nie, koop die kopers dieselfde hoeveelheid teen enige prys. √√
- Die verkoper kan hoër pryse vra sonder enige vrees om klante te verloor, √√
- en saam daarmee verhoog die inkome en wins. √√ (Enige 2 x 2) (4)

4.3 4.3.1 **Verduidelik in jou eie woorde die begrip *omgewingsvriendelik'*.**

- Omgewingsvriendelik beteken die gebruik van hulpbronne of produkte wat nie die omgewing beskadig nie. √√ (2)

4.3.2 **Watter impak sal die motor in die spotprent op die omgewing hê?**

- Die motor sal lugbesoedeling veroorsaak. √√
- Die voertuig se uitlaatgasse sal 'n uitwerking hê op:
  - klimaatsverandering √√,
  - onstabiele weer patrone, droogte,
  - oorstromings. √√
- Oormatige koolstofdioksiedbesoedeling kan ook lei tot aardverwarming. √√

(Aanvaar enige toepaslike impak) (Enige 2 x 2) (4)

4.3.3 **Verduidelik die maatreëls wat deur Suid-Afrika getref word om die impak van die voertuig, in die spotprent, te verminder.**

- Suid-Afrika het 'n belasting op voertuie se koolstofdioksieduitlaatgasse in 2010 ingestel. √√
- Nuwe passasiersvoertuie word op hulle gesertifiseerde $CO_2$-uitlaatgasse teen R75 per g/km vir elke g/km bo 120g/km belas. √√
- Die doel is van hierdie belasting is om Suid-Afrikaners aan te moedig om na meer energiedoeltreffende en omgewingsvriendelike voertuie oor te skakel. √√ (Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Verduidelik kortliks die eienskappe van 'n oligopolie.**

- Elke besigheid produseer verskillende produkte, sommige produseer homogene produkte. √√
- Baie soortgelyke produkte word teen verskillende pryse verkoop. √√
- Besighede raak in nie-prysmededinging betrokke. √√
- Klein aantal van redelike groot produsente. √√
- Sterk versperrings verhoed besighede om tot die mark toe te tree of uit te tree. √√
- (Aanvaar enige toepaslike eienskap.) (Enige 4 x 2) (8)

4.5 **Verduidelik hoe die vraag na 'n produk beïnvloed word deur die pryse van verwante goedere. Gee voorbeelde.**

Verwante goedere is of substitute of komplimentêr.

**Substitute:** √

- Wanneer prys van 'n substituut daal, raak dit goedkoper as die gegewe produk. So, die kliënt vervang die gegewe produk daarmee. √√
- Daarom sal die vraag na die gegewe produk daal. √√
- Soortgelyk sal 'n styging in die prys van 'n substituut lei tot 'n toename in die vraag na die gegewe produk. √√
- Byvoorbeeld Tee en Koffie. √√

**Komplimentêr:** √

- Wanneer die prys van 'n komplimentêre produk daal, sal die vraag daarna toeneem en die vraag na die gegewe produk sal ook toeneem en omgekeerd, √√
- byvoorbeeld pen en ink. √√ 2 + (Enige 3 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Die antwoord sal soos volg geassesseer word:

| **STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL** | **PUNTE-TOEKENNING** |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |


**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**
**Pryselastisiteit van aanbod sal altyd positief wees a.g.v. die wet op aanbod.**

- **Met behulp van grafieke, beskryf die verskillende kategorieë van pryselastisiteit van aanbod.** **(26)**
- **Verduidelik die pryselastisiteit van aanbod vir mielies oor die kort en langtermyn.** **(10)**

**INLEIDING**
Pryselastisiteit van aanbod meet hoe sensitief die mark aanbod tot verandering in die prys van die produk is. √√
(Aanvaar enige toepaslike inleiding) (2)

**INHOUD**
Pryselastisiteit van aanbod bestaan uit die volgende kategorieë:


**Volmaak onelastiese aanbod** √
- Enige % verandering in prys sal geen effek op hoeveelheid aangebied hê nie. √√
- Dis onmoontlik vir produsente om enigsins aanbod te verhoog.
- PEA = 0 √√
- Aanbodkurwe is 'n vertikale kurwe. √√




(maks. x 6 grafiek ingesluit)

**Volmaak elastiese aanbod** √


- Selfs die kleinste % verandering in prys sal ŉ oneindige groot % verandering in hoeveelheid aangebied veroorsaak. √√
- PEA =∞ √√
- Aanbodkurwe is horisontaal. √√




(maks. 6 grafiek ingesluit)

**Relatief elastiese aanbod** √


- Persentasieverandering in hoeveelheid aangebied is groter as die persentasieverandering in prys. √√
- Produsente kan maklik produksie verhoog. √√
- PEA > 1. √√
- Aanbodkurwe is plat, die helling van die kurwe begin op die y-as teen ŉ vlak bo nul. √√




(maks. 6 grafiek ingesluit)

**Relatief onelastiese aanbod** √


- Persentasieverandering in die hoeveelheid aangebied is kleiner as die persentasieverandering in prys. √√
- Produsente sukkel om by die prysstyging aan te pas. √√
- PEA < 1. √√




(maks. 6 grafiek ingesluit)

**Eenheid elastiese aanbod** √

- 'n Persentasieverandering in prys veroorsaak dieselfde persentasieverandering in hoeveelheid aangebied. √√
- Die aanbodkurwe lyk presies soos die normale aanbodkurwe wat opwaarts van links na regs teen 'n 45°-hoek hel. √√
- PEA = 1. √√




(maks. 6 grafiek ingesluit) (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**
Verduidelik die pryselastisiteit van aanbod vir mielies oor die kort- en langtermyn.

**Korttermyn**
- Oor die korttermyn is meeste aanbod kurwes onelasties √√ omdat aanbieders nie genoeg tyd het om op prysveranderinge te reageer nie. √√
- As die mielieprys toeneem, benodig boere ŉ volle groeiseisoen om hulle produksie by die prysverhoging aan te pas. √√
- ŉ Daling ŉ prys sal nie noodwendig lei tot ŉ skielike daling in die hoeveelheid aangebied nie. √√
- Boere met mielies sal waarskynlik nogtans gedwing wees om te oes en mielies teen laer pryse te verkoop eerder as om al hulle inkome te verloor. √√

**Langtermyn**
- Die pryselastisiteit raak oor die langtermyn elasties. √√
- Oor die langtermyn kan boere hulle produksievlakke in reaksie op die prysveranderinge aanpas. √√ (10)

**SLOT**
- Die sleutel tot die voorspelling van elastisiteit van aanbod is om te weet of produsente hulle produksie kan verhoog. √√
- ŉ Produsent se vermoë om aan te pas by prysveranderinge hang van koste, beskikbaarheid en beweeglikheid van produksiefaktore af. √√

(Aanvaar enige toepaslike slot.) (Enige 1 x 2) (2)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**'n Groot persentasie van ons bevolking lewe steeds onder nadelige toestande van armoede.**

- **Brei uit oor die oorsake van armoede.** **(26)**
- **Beklemtoon die verskeie stappe wat die regering onderneem het om die probleme t.o.v. armoede, tussen 1994 en 2014, aan te spreek.** **(10)**

**INLEIDING**

- Armoede veroorsaak dat die waardigheid van mense ondermyn word – 'n gevoel van betekenisloosheid word by die meeste Suid-Afrikaners tuisgebring. √√
- Een van die hoofoorsake van armoede is werkloosheid, wat lei tot die onvermoë om basiese behoeftes te bevredig. √√

(Aanvaar enige toepaslike inleiding.) (Enige 1 x 2) (2)

**INHOUD**

- **Werkloosheid** √
  - Sonder 'n ordentlike inkome, kan mense nie hulle basiese behoeftes voorsien nie. √√
  - Arme mense wat in plattelandse gebiede woon, is afhanklik van 'n bestaansboerdery om van te lewe. √√
- **Onvoldoende infrastruktuur:** √
  - Dis 'n groot oorsaak van armoede in Suid-Afrika. √√
  - Dit word veroorsaak deur 'n groot plattelandse gebied en 'n ongelyke verdeling van die meerderheid van die bevolking tussen die plattelandse en stedelike gebiede. √√
  - Dit maak dit duur om voldoende infrastruktuur te verskaf. √√
  - Dit verwys na dienste soos vervoer, skoon water en sanitasie en energie. √√
- **Gebrek aan produktiewe hulpbronne:** √
  - Arm lande het nie produktiewe hulpbronne om 'n volhoubare lewensbestaan te verseker nie. √√
  - Menslike kapitaal is swak as gevolg van hongersnood, siektes en lae geletterdheidsvlakke.
  - Natuurlike hulpbronne neem af, omdat bome afgekap word en grond uitgeput word. √√
  - Die hulpbronne kan nie, genoeg voedsel produseer om die bevolking te voed nie
  - Kapitaal word benodig vir die toekomstige beleggings, maar gebrek aan besparings maak dit onmoontlik. √√
  - Entrepreneurskap bestaan nie, as gevolg van 'n gebrek aan onderwys en vaardigheidsontwikkeling. √√
- **Swak gesondheidstoestande:** √
  - Siektes verminder die aantal werk wat siek en swak mense kan verrig. √√
  - Dit verlaag hul inkomste en maak hulle nog armer. √√
  - Siektes soos MIV en Vigs kan sterftes veroorsaak wat broodwinners laat omkom en gesinne hul inkomste laat verloor. √√

- **Gebrek aan onderwys** √
  - Gebrek aan onderwys weerhou mense daarvan om ordentlike werk te kry, wat hulle en hul families sal verhef bo armoede. √√
  - Dit verhoog ook die gaping tussen vaardighede wat die ekonomie benodig en die aanbod hiervan. √√
- **Internasionale finansiële krisis:** √
  - Arm lande het nie geld vir investering nie en dis belangrik vir ontwikkeling en groei. √√
  - Die wêreld se ekonomiese krisis vergroot die gaping tussen die rykes en die armes. √√
- **Wanfunksionele regerings:** √
  - Baie regeringsektore word deur onstabiliteit en korrupsie gepla. √√
  - Hulle respekteer en eer nie begrotingsprosedures en -protokol nie. √√
  - ŉ Gebrek aan regeringsinfrastruktuur soos sosiale welsyn, skole, behuising en openbare sanitasie kan armes verder skade berokken. √√
- **Omgewings- en klimaatsveranderinge:** √
  - Toenemende droogtes, oorstromings en veranderende klimaatspatrone vereis veranderinge in oes- en boerderypraktyke, wat mense nie maklik kan verander nie. √√
  - Arm mense is ook swak toegerus om by veranderende reënvalpatrone en korter groeiseisoene aan te pas. √√
- **Oorlog en konflik:** √
  - ŉ Groot gedeelte van vandag se globale armoede word in oorlog-verrinneweerde en konflikgedrewe lande aangetref. √√
  - Geld word dikwels op wapens vermors. √√
  - Onderwys word ontwrig, wat verdere armoede veroorsaak. √√ (26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- **Die regering het:**
  - Universele toegang tot onderwys aangemoedig deur te verseker dat alle kinders tussen die ouderdomme van 7 en 15 jaar moet skoolgaan. √√
  - Baie leerders tree toe tot universiteit-, en finansiëlebystand in die vorm van beurse is beskikbaar. √√
  - Volwasse Onderwys aangemoedig. √√
  - Met kwessies rondom infrastruktuur was daar ŉ ontwikkeling van ŉ enkele algemene infrastruktuur plan wat sentraal gemonitor en bestuur sal word. √√
  - Daar is toegang tot elektrisiteit vir mense wat in plattelandse gebiede bly. √√
  - Die millennium ontwikkelingsdoelwitte het onder andere geslagsgelykheid aangemoedig. √√
  - Die bou van HOP huise vir armes, alhoewel die waglys nog lank is. √√

(Aanvaar enige toepaslike antwoord) (Enige 5 x 2) (10)

**SLOT**

- Armoede is ŉ groot uitdaging vir baie ontwikkelende ekonomieë soos dit ook die geval ook in Suid-Afrika is. √√
- Dit vereis ŉ regering wat regtig toegewyd is om armoede te verlig en vry van korrupsie en onstabiliteit is. √√ (Enige 1 x 2) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou